# 20 April 2023 - Lesing 13 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Johannes 12:46 Ek*** *het as die Lig in die wêreld gekom, sodat* ***elkeen wat in My glo****, nie in die Duisternis sou bly nie.*

*47 En as iemand na My Woorde luister en nie glo nie,* ***Ek oordeel hom nie****; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red.*

*48 Wie My verwerp en My Woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel:* ***die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag****.*

***Openbaring 20:11*** *En ek het 'n* ***groot wit Troon gesien en Hom wat daarop sit (JaHshua, die Woord self)****, voor Wie se Aangesig die Aarde en die Hemele weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.*

*12 En ek het die dode, klein en groot, voor Elohim sien staan, en die* ***Boekrol (Die Woord)*** *is geopen; en 'n ander Rol, die* ***Boekrol van die Lewe (van jou Siel)****, is geopen.* ***En die dode is geoordeel na wat in die Rol geskryf is, volgens hulle werke.***

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die Oordeel - Die 'woord self' word die oordeel **–** 6/4/57

6799 Julle almal sal julle eendag moet verantwoord, hoe julle op My Woord ag gegee het, wat aan julle deur My Liefde aangebied was. En dit, **My Woord, sal julle regter wees.** Begryp dit egter korrek: Daar sal geen straffende regter vonnisse oplê nie, maar julle word maar net daar geplaas waar julle volgens julle **toestand van rypheid** tuishoort.

En julle toestand van rypheid sal in ooreenstemming wees met julle lewe op aarde, - in ooreenstemming met julle wil hoe julle My Woord op julle laat inwerk het. Want of sy het haarself innig met My verbind, as gevolg van My Woorde van liefde wat Ek tot haar gerig het, of sy het dit afgewys en nie daarvolgens geleef nie en so kon die siel dus ook geen ander vorm aanneem nie - en **sy kan dan slegs in die sfere woon wat ooreenkom met haar gestalte**.

Die 'Woord Self' sal dus reg spreek oor julle, want My Liefde gee dit aan julle en dit moes julle onherroeplik gehelp het om ryp te word, indien dit deur julle aangeneem was. **Dog die afwys van My Woord is ook die afwys van Myself** en daarom kan op hierdie 'tweede' afwysing ook slegs 'n verblyf in donkere gebiede volg, omdat die siel self die lig nie kan verdra nie en voorkeur gee aan die duisternis.

My Woord is lig en wie dit afwys kan ewig nie tot die lig kom nie. Omdat die wil van die mens egter vry is, bepaal hy so ook vrywillig sy oordeel; naamlik die toestand wat pas by sy afwysing wat dan egter geen vrye toestand meer genoem kan word nie. Die siel word 'geoordeel', beteken dus: sy word daarheen geplaas waar sy **volgens haar wil** tuishoort.

Elke mens word op 'n stadium My Woord aangebied en elkeen kan dit hoor waar openlik gepraat word oor My en My ryk. En ook hulle wat buite 'n kerklike gemeente staan benader Ek in die woord, wat dus al 'n sekere afweer teenoor My het en dit, omdat hulle dikwels nie op die regte manier aangespreek was nie.

Ander mense word weer deur gesprekke of deur die lees van boeke op My en My Woord oplettend gemaak, of hulle word deur 'n regstreekse innerlike aanspreking in hul gedagtes so gestuur dat hulle hulself met My besig kan hou. Dus probeer Ek op elke manier toegang te kry tot die harte van die mense om hulle aan te spoor om na My Woord te luister, waar en hoe dit ookal verkondig word, maar slegs die vrye wil van die mens bepaal of en hoe My Woord op hom inwerk.

Eendag egter sal die uur van verantwoording kom, die uur waarop die toestand van die siel geopenbaar sal word en hierdie toestand verplaas haar dan onherroeplik na die sfeer wat by haar pas. En dan is sy geoordeel, omdat My ordening altyd weer tot stand gebring moet word. **Geseënd egter is almal wat na My en My Woord luister, wat hul bes doen om so te lewe volgens My Wil,** soos wat dit vir hul deur My Woord duidelik word. Geseënd is hulle, want ook hulle word geoordeel, maar vir hulle sal die oordeel die uur van **binnegaan in ongekende saligheid** beteken. Ook aan hulle word die sfere toegewys wat ooreenstem met hul gedaante. Maar My Woord het aan hul 'n **kleed van lig** besorg, sodat hulle nou in 'n onvermoede volheid van lig mag verkeer sonder om te moet vergaan - en lig is geluksaligheid.

Begryp goed dat dit nie 'n onbarmhartige regter is wat sy amp uitoefen en die siel in die duisternis instoot nie, maar dat dit 'n **selfgekose lot is wat elke siel tegemoetgaan.** Dat 'n harde pynlike lot egter deur die aanneem en nalewe van My Woord afgewend kan word en daarom dus **die 'Woord Self' elke siel sal oordeel.**

In volle geregtigheid sal die oordeel plaasvind, want elke gedagte, elke werk, die ware en die verkeerde liefde - alles word openbaar en bepaal sodoende die lot van elke aparte siel. As My Woord deur 'n mens aangeneem word, dan vind daar reeds op aarde 'n omvorming van die siel plaas, sy hoef die oordeel dan nie te vrees nie, omdat dit haar maar net lig en saligheid sal bring, terwyl daarenteen die afwys van My Woord die duisternis van 'n siel nog meer sal vergroot, **sodat sy heeltemal wanstaltig die geestelike ryk betree** en haar lot dus ook nie anders kan wees as troosteloosheid en kwelling nie. Amein.